

Droom van sout, twee vrouens en 'n eier

Laasnag het ek 'n droom gehad. Beelde van 'n opgevoerde veldslag uit die Romeinse tyd het deur my brein geflits. Daar was ook 'n oorgrootte dubbelverdieping gebou met klein woonstelletjies.

'n Vrou het skelm in een woonstel moderne kos gaan eet. Na sy weg is, sluip ek toe in, gryp 'n paar handevol rosyntjies en neut uit die kombuis en druk dit in my broeksak. In die sitkamer ontdek ek 'n hardgekookte eier wat ek toe ook saamvat – na ek 'n klomp sout daaroor gegooi het. (Die soutpot het op 'n koffietafel gestaan, met heelwat verspilte sout om die pot.)

Ek loop toe in die oorgrootte gang af waar twee vrouens my konfronteer met die insinuasie dat ek nie altyd dieselfde mens is nie. Hulle peper my met vrae soos, “Hoe word hierdie naam uitgespreek in daai taal?”

Teen die tyd wat ons op die grondvloer gekom het, het my aanvanklik beleefde antwoorde op hulle vrae oorgegaan in 'n driftiger reaksie. “I, myself was given a very ethnic-specific name,” sê ek toe in Engels, “but sometimes you need to express yourself in other ways than those you were given. And sometimes you choose to go beyond what you've been given, in order to transform yourself! And maybe you do so for no reason other than as a first step towards, and for the sake of, transforming ... the community ... in which you live.”

Teen die laaste sin het die twee vrouens al so beangs geraak dat die een agter die ander een begin skuil het. Toe ek my rug op hulle draai en wegstep, het die vrou wat weggekruip het, agter my aangestap en my rug met albei hande begin krap – op 'n katagtige wyse.

Ek onthou toe van die eier waarmee ek uit die woonstel gestap het. Ek druk toe die eier stukkend in my broeksak, draai effens om, leun oor my skouer en druk die gebreekte stukke in haar gesig.

Die laaste sin van my kort toespraak was afgemete. Ek het tot op daai oomblik in 'n harde, dringende stemtoon gepraat,

en het toe sagter begin praat om die woorde te beklemtoon –
veral omdat hulle moontlik verwag het dat ek sou sê,
transforming the world.

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT